



« **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie** »



**SOJA**  
**OEMFF®**



## Naam:

Soja OEMFF®

## Eienskappe (Wat):

’n Fyn, droë hoogs wateroplosbare produk.

Soja OEMFF®	N	P	K	Mg	S
<b>Makro-elemente (g/kg)</b>	87,0	171,9	28,5	-	-
<b>Sekondêre-elemente (g/kg)</b>	-	-	-	34,2	49,4

Soja OEMFF®	Fe*	Mn*	Zn*	Cu*	B	Mo	Co
<b>Mikro-elemente (mg/kg)</b>	3 250	2 600	3 600	900	1 817	593	840

\* = cheleerd

## Voordele (Hoekom):

- Al is daar genoegsame hoeveelhede voedingstowwe in die grond, kan die sojaboontjies om verskeie redes wel tekorte ondervind.
- Sojaboontjies is ’n peulplant wat lugstikstof deur *Rhizobium*-bakterieë kan bind en is ook ’n proteïen- en olieryke gewas.
- Deur die regte voeding, insluitende veral blaarvoeding, op die regte tyd, kan die binding van stikstof en die produksie van olie en proteïen bevorder word. Die produk is spesifiek ontwikkel om in die behoefte van sojaboontjies te voorsien en die nodige mikro-elemente is cheleerd.
- **Soja OEMFF®** verhoog die effektiwiteit van die sojaboonplant deurdat dit onder andere wortelontwikkeling en bladgroen produksie vir fotosintese bevorder.
- Nodig om net een produk as blaarvoeding in die spuitentek te gooi.

## Toediening (Hoe):

Produk	kg/ha	Tyd van Toediening
<b>Soja OEMFF®</b>	3 tot 4 kg	As blaarvoeding vir algemene groei en ontwikkeling op die 8 blaarstadium (4 tot 6 weke na opkoms). Veral een week na ’n glifosaatbespuiting.
	8 kg	Kan ook op genoemde stadium deur oorhoofse besproeiingstelsels gegee word.

## Gebruike (Waar):

- **Soja OEMFF®** bevat makro-, sekondêre- en mikro-elemente in ’n verhouding wat spesifiek voordelig vir sojabone is en kan as algemene aanvulling gebruik word indien nodig.
- Is uiters geskik waar sojaboontjies aan stremming soos versuip/droogte, koue/hitte of ander chemiese middels blootgestel was.
- Kan onder baie hoë grond pH of baie lae grond pH toestande gebruik word waar probleme met spesifieke mikro-element verwag word.